NG Kerk Rietfontein-Suid

Ons Gee Om

# Die Rietfluit

Junie, Julie & Augustus 2024

**Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om**

Liewe lidmaat,

Hoop dit gaan goed met jou!

Pinkstertyd het in ons gemeente aangebreek!

Dis 'n opwindende tyd waarin ons nadink oor die werk van die Heilige Gees in ons lewens en in ons gemeente. In hierdie Pinkstertyd gaan ons saam reis deur die 7 "Ek is" uitsprake in die Johannes Evangelie.

Een van die belangrike eienskappe van die Heilige Gees is om Jesus meer sigbaar te maak; om dit wat Jesus vir ons gedoen het tot vrug te bring in ons lewens en om die boodskap van die evangelie op ons harte te skryf. Die Gees werk aanhoudend in ons harte en lewens. Ek en jy is as te ware die skryfblok van die Heilige Gees.

Hoor wat sê Paulus hieroor: *Julle toon duidelik dat julle 'n brief is van Christus...geskryf met die Gees* (2 Kor 3:3). Ons is wandelende, pratende en doenende briewe wat deur die Gees geskryf is vir die wêreld en almal om ons, om ons te leer. Daarom is wat Moody gesê het so waar: *Uit 100 mense sal een persoon die Bybel lees, die ander 99 lees daardie persoon*.

Wat die Gees skryf is baie eenvoudig en duidelik. Hy skryf Christus in ons harte in en wil Jesus al hoe duideliker teken en

**JAARTEMA: *Geanker in Hoop***

sigbaar maak deur ons lewe.

Daar is vier Evangelies geskryf in die Bybel naamlik Matteus, Markus, Lukas en Johannes. In ‘n sekere sin is ek en jy die vyfde Evangelie. Elke dag skryf die Heilige Gees in ons lewe vir ander om te lees oor die goeie nuus van Jesus, wie Hy is, hoe wonderlik Hy is, hoe Hy vrymaak en lewens verander. *So waardevol ag die Here ons dat Hy van ons Heilige Gees-briewe maak*!

Die groot vraag is natuurlik of ons Hom toelaat om te skryf wat Hy deur ons wil leesbaar maak? Is ons bereid om afgelewer te word by die adres waar Hy die goeie nuus wil laat hoor? Is die Gees se handskrif duidelik leesbaar in ons lewe?

So belangrik is dit vir God dat ons Sy briewe sal wees dat Hy op Pinkster Sy Gees kom gee het om in ons te kom woon en te werk. Kom ontdek saam ons in hierdie Pinkstertyd die goeie nuus van Jesus, wie Hy is, en hoe die Gees Hom meer sigbaar in ons lewens wil maak. Geseënde Pinkster 2024!

*Ds. Petro Jonker*



# - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- **<u>14 Junie:</u>** Skole Sluit
- **<u>16 Junie:</u>** Jeugdag / Vadersdag
- **<u>17 Junie:</u>** Publieke Vakansiedag
- **<u>9 Julie:</u>** Skole Open
- **<u>9 Aug:</u>** Vakansiedag: Vrouedag
- **<u>17 Aug:</u>** Kinderbediening Werskwinkel (vir ouers)
- **<u>24 Aug:</u>** Jeug Piekniek
- **<u>31 Aug:</u>** Damesoggend



*Surely goodness and lovingkindness will follow me all the days of my life, and I will dwell in the house of the LORD forever.*

*Psalm 23:6*

---

Volg ons facebook blad @NG Rietfontein-Suid





# Ek is nie 'n slaaf van TEGNOLOGIE nie

## Digitale afstand

"*I would rather text than talk*" - dit is hoe baie mense deesdae dink. Digitale afstand is die nuwe veilige afstand tussen mense. Baie mense verkies dit. O ja, moenie dink dit gebeur net met die jonges nie; vandag se ouer geslag is ewe verslaaf aan media. Kyk maar net wie is almal vandag op Facebook, dan weet jy! Dit is deesdae die ouer geslag se uithangplek.

## Narsistiese en selfgesentreerde samelewing

Om mekaar van aangesig tot aangesig in die oog te kyk, is veels te emosioneel en onvoorspelbaar vir die nuwe mediagenerasie. Hierdie toenemende verslawing aan sosiale media maak mense al hoe meer narsisties en selfgesentreerd. Baie mense het 'n verwronge perspektief oor hulle eie vermoëns en regte.

***Likes* en *comments* is nie ons kompas nie; Jesus is. Ons volg Hom.**

Hulle oorskat hulle eie belangrikheid. Hulle dink regtig hulle is te vars om te flop. Dit durf nie so wees nie.

## Emosioneel afgestomp

Cliff Nass, 'n Amerikaanse navorser, bevind dat 'n beduidende hoeveelheid millenniërs hulle slimfone verkies eerder as om gesprekke te voer, self emosionele gesprekke. Tegnologies maak sulke moeilike gesprekke voorspelbaar en beheerbaar, meen hulle. Tog bevind hy ook dat die vermoë van dié wat reken hulle is "*highly connected*" (d.w.s., hulle is geduring op sosiale media) om ander én hulle eie emosies te lees, dramaties afneem. Hulle raak emosioneel afgestomp. "*Techology does not provide sentimental education*", sê hy.

## Kom ons kuier weer saam

Die kuns van luister, omgee en daarwees vir mekaar, soos wat die Here dit bedoel het, groei in mens-tot-menskontak. Dit gebeur wanneer ons met mekaar praat en tyd saam deurbring. Selfone en kie het egter ons oog-tot-oogkontak kom steel. Kom ons vat dit terug. Kom ons skep weer "heilige ruimtes" in ons huise waar tenologie taboe is—soos in ons woonkamers en eetkamers. Daar

praat ons weer met mekaar. Daar kuier ons. Daar gebeur lewe. Daar sit ons alles af wat inbreuk maak op ons saamwees—van die televiesie, foon tot die skootrekenaar—alles.

## Mediavrye sones in die huis

Iemand vertel onlangs vir my sy weet nie meer wat om met haar tienerdogter te doen wat geduring op haar selfoon besig is as hulle aan tafel is nie. Toe vra ek haar: "Laat jy enigiemand toe om in jou huis of aan tafel te rook?"

"Nee!"

"Nou toe, as jy dit kon regkry om jou huis sonder veel moeite 'n rookvrye sone te verklaar, kan jy sekerlik ook sekere ruimtes in jou huis mediavrye sones verklaar," was my raad.

## Gesonde verhoudings met God en ander mense

God se bedoeling was nooit dat ons die middelunt van ons selfgemaakte heelal moet wees nie. Ons is hier om Hom lief te hê en ander mense soos onsself. Ons lewe kry eers betekenis as ons ruimte vir Hom en vir ander in ons harte en is ons daaglikse lewe maak. Wanneer ons met graagte die beste sitplekke aan mekaar afstaan. Daarom moet ons onsself inoefen om dit te doen deur ons mediaverslawing in die oog te kyk.

Nee, die idee is nie dat ons teen tegnologie gekant moet wees nie, maar dat ons die teenwoordigheid daarvan in ons lewens onder beheer moet hou. Daar is verseker 'n ruim en mooi plek vir tegnologie, maar nooit te koste van gesonde verhoudings met God en met ander mense om ons nie.

**Die kuns van luister, omgee en daarwees vir mekaar, soos wat die Herer dit bedoel het, groei in mens-tot-menskontak.**

## Jesus is ons Kompas, nie sosiale media nie

Ons as navolgers van Jesus glo nie die leuen dat sosiale mediaplatforms die plekke is waar ons werkik behoort of *connect* nie. Ons weet dat baie van daardie *friends* en *followers* op Twitter, Instagram of Facebook dit nie regtig is nie. Hulle *likes* en *comments* is nie ons kompas nie; Jesus is. Ons volg Hom. Ons dien Christus keurig as ons aan lyn is, maar ook as ons aflyn is.

*Prof. S Joubert, Okt 2019, Juig! Tydskrif, Sit dit af! Ek is nie 'n slaaf van Tegnologies nie, Volume 11 Uitgawe 9, bl 32 - 33.*

# RIETFLUIT ONTSPANNINGSHOEKIE

# SOEK DIE WOORD

## 1 KORINTIËRS 12:12-31

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| D | R | M | E | K | I | L | K | E | R | T | N | A | A | V | E |
| A | A | O | N | L | K | I | S | A | N | K | O | E | E | O | E |
| L | I | K | G | E | S | E | E | D | P | A | O | R | H | E | W |
| S | V | R | I | E | K | L | W | J | O | O | D | P | T | T | E |
| L | I | O | V | L | V | H | A | O | I | E | S | E | A | A | N |
| E | E | O | E | M | R | E | G | A | E | T | A | T | L | A | E |
| R | R | V | R | A | Y | E | E | L | F | S | A | E | E | K | E |
| A | B | E | P | A | A | L | D | E | V | K | K | F | R | L | N |
| E | N | E | E | G | K | H | A | N | V | A | L | O | A | G | S |
| E | H | N | L | G | E | L | N | I | O | W | I | R | A | E | R |
| S | I | H | L | I | H | A | E | R | R | S | K | P | R | O | E |
| O | K | E | D | L | D | A | G | D | M | E | F | S | S | V | D |
| R | N | I | S | E | W | O | N | D | E | R | D | A | D | E | A |
| G | E | D | O | O | P | A | L | D | L | K | E | I | R | G | N |

AANTREKLIK
AFSONDERLIK
APOSTELS
BEPAALDE
EENHEID
EWENEENS
GEDOOP
GEEN
GENADEGAWES
GEVOEL
GRIEK
HAND
JOOD
KLEE
KOP
LEDE
LERAAR
LIGGAAM
NOODSAAKLIK
OOG
PROFETE
SLAAF
SORG
SWAKSTE
TAAK
TALE
VERDEELDHEID
VOET
VOORKOM
VORM
VRY
WONDERDADE

*Jones T., 2 Okt 2019, Juig! Tydskrif, Soek die woord, Volume 11 Uitgawe 9, bl 10.*

# FATHER'S DAY WORD SEARCH

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | U | F | T | E | N | U | J |
| W | U | Q | N | B | L | E | U |
| K | R | H | E | C | V | O | D |
| R | A | M | N | O | S | J | S |
| Q | O | V | L | O | C | T | D |
| H | Y | F | L | X | K | I | A |
| U | A | E | A | I | V | F | X |
| G | L | H | S | T | Q | I | M |
| S | P | S | B | U | H | X | X |
| F | E | U | V | P | O | E | S |
| S | T | P | L | E | H | C | R |


FATHER
FIX
FUN
HELP
HOME

HUGS
JUNE
KISSES
LOVE
PLAY




© Copyright FreeKidsCrafts.com

# Hidden Pictures™




International.Highlights.com


ALL ABOUT MY DAD
A PICTURE OF MY DAD...
MY DAD IS
YEARS OLD
MY DAD LIKES TO LISTEN TO...
MY DAD ALWAYS SAYS...
MY DAD'S FAVORITE MOVIE IS...
MY DAD LIKES TO EAT...
MY DAD'S SUPERPOWER IS...
A NOTE TO MY DAD...

# OESTYD

## Mei 2024

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

## Hoekom is die Samaritane so geminag deur die Jode?!

*(‘n Leke opsomming van Peet Dorfling)*

Sekerlik met goeie rede, net sulke goeie redes soos hoekom ons moderne mense nog soms ander volke soos die Nigeriërs, Soedannese, ZCC’s, Russe, Mosambiekers, Zimbabwiërs, Palestyne, Irakiërs, Koerde, Turke, Moslems, ens, minag!

### Lees 2 Konings 17:6 – 41 hoekom die Jode die Samaritane geminag het:

**Hulle, die Israeliete (d.w.s. die 10 stamme) met hoofstad Samaria het, na die skeuring van die Koninkryk van Salomo**, en sedert Agab en Isebel se tyd, **verskeie vorms van valse godsdienste beoefen.:**


- **Hulle het** nog steeds die twee goue kalwers aanbid wat Jerobeam in Samaria (in Bet-El en Dan) laat maak het, omdat hy die 10 stamme van die tempel in Jerusalem wou wegrokkel (sien 1Kon 12:28 en 2 Kon17:16), ten spyte daarvan dat God in die 10 gebooie gesê het hulle mag nie beelde maak om te aanbid nie
- **Jerobeam al, het priesters aangestel uit alle dele van die volk** (1Kon 12:31) **wat níé soos die Here voorgeskryf het, uit die stam van Levi was nie! D.w.s. hulle was onopgeleide, leke-priesters.**




- (Die leke-priesters) het hul eie idees, versinsels oor God, die Here opgemaak wat nie reg is nie (2 Kon 17:9)
- Hulle het Offerhoogtes in elke dorp gebou, i.p.v. om by die tempel in Jerusalem te aanbid (2 Kon17:9)
- Hulle het Baäl gedien ('n Kanaänitiese Vrugbaarheidsafgod wat hulle geglo het die reën beheer) (2 Kon 17:16
- Hulle het gedenkstene en asjeras opgerig om Asjera, die moederafgodin, saam met Baäl te dien) (2 Kon 17:10), en dit het waarskynlik ook tot tempelprostitusie gelei!
- Hulle het die hemelligame aanbid (2Kon17:16)
- Hulle het hul seuns en dogters in die vuur geoffer, (seker aan Baäl!) (2Kon 17:17)
- Hulle het (Sterre)-Voorspellings gemaak en wiggelary beoefen (soos hedendaagse bordspeletjies) om hul 'toekoms' te wete te kom (ipv daarvan om hulle aan die Here te onderwerp / op die Here te vertrou en oor hul probleme tot die Here te bid!) (2 Kon 17:17)

Gevolglik het **die Here baie kwaad geword vir die 10 stamme van Israel en dit in die gedagtes van** die Koning van Assirië (Salmaneser), laat opkom om hulle **weg te voer na Assirië.** Volgens 2Kon 17:18 het "**niemand oorgebly nie, slegs die stam van Juda"!** En volgens 2Kon 17: 23 "is dit vandag nog so!" (seker in die tyd van Jesus)

Tweedens het Salmaneser van Assirië van sy ánder oorwonne onderdane ( sien 2Kon 18:34 ) uit ander streke, in Babilonië (toe Babilonië nog deel was van die Assiriese koninkryk) gebring, nl. vanaf Babel, Kuta, Awwa, Hamat en Sefarwajim en hulle in die dorpe van Samaria hervestig. Hierdie mense het van Samaria besit geneem in plaas van die 10 stamme! (volgens 2 Kon 17:24)




Dus, sedert Salmaneser se tyd is die Samaritane vreemdelinge, Kanaäniete (bv Hamat) en Babiloniërs, almal níé-Israeliete, dws heidene, wat in die plek van die 10 Stamme van Israel bly.






- **Salmaneser** het toe een van die priesters wat uit Samaria weggevoer is (een van die ongelegitimeerde Israeliete, natuurlik níé 'n Levitiese priester wat die ware priesterdiens soos deur God, by monde van Moses geformuleer is, kon uitvoer nie!) teruggestuur na Samaria om die mense van Babel, Kuta, Awwa, Hamat en Sefarwajim wat nou in Samaria gebly het, te gaan touwys maak oor hoe om vir die Here "ontsag te toon" (2Kon 17:27 – 28) ("Token religion")

- Die mengelmoes mense wat nou in Samaria gebly het, het natuurlik óók nog hul eie afgodsdienste, wat hulle voorheen beoefen het, hier in Samaria kom praktiseer (2Kon 17:29 – 33)

**Die nuwe Samaritane het dus:**

- Babel se afgod, naamlik **Sukkot-Benot** gemaak en aanbid (2Kon 17:30)
- Kuta se afgod **Nergal** gemaak en aanbid (2Kon 17:30)
- Awwa se afgode **Nibgas en Tartak** gemaak en aanbid (2Kon 17:31)
- Sefarwajim se afgode **Adrammelek en Annamelek** aanbid, deur hul seuns as brandoffers te offer (2Kon 17:31)
- Nog meer priesters uit hul eie geledere (Babiloniërs, Kuta, Awwa, Sefarwajim) aangestel en ook hierdie priesters het op die Offerhoogtes en tempels op die offerhoogtes diens gedoen (2Kon 17:32)
- Hierdie mengelmoes van volke (**nuwe Samaritane, nie meer Israeliete nie!**), en ook hul "kinders en kleinkinders" het gedoen wat hul voorouers (uit die tyd van Salmaneser) gedoen het; volgens 2Kon 17:41 is ook dit **"vandag nog so."** (selfs seker in die tyd van Jesus?!)

  (Ek kon ook nie uit die Bybel sien of die mense wat na Assirië weggevoer is, weer teruggebring is na Samaria nie)

  Alhoewel die Judeërs ("Jode") volgens 2Kon 25, baie jare later ná die Assiriese wegvoering, in die tyd van Koning Nebukadneser van Babel, self ook weggevoer is na Babel, en 70 jaar later (Esra 1) teruggestuur is na Jerusalem, het hulle die Samaritane bly verag!

## Jesus het natuurlik alles verander! Hy het God se genade na almal, ook na die Samaritane gebring:

- In Joh 4:3-42 reik Jesus uit na die **Samaritaanse Vrou by die put van Sigar, naby waar Jerobeam een van die Goue Kalwers opgerig het,** vertel vir haar dat Hy self die Messias is, en sy bring baie ander Samaritane na Jesus en hulle kom tot geloof. In Joh 4:42 sê hulle vir die Samaritaanse vrou: **"Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie,want ons het Hom self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is."**

- Jesus het geweet Sy werk om die **Samaritane** weer by Sy koninkryk in te sluit, was nog nie klaar nie, dus het Hy by Sy hemelvaart **(Hand 1:8)** vir Sy dissipels gesê: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, **en julle moet My getuies wees in Jerusalem, en in die hele Judea en Samaria, en tot aan die einde van die aarde."**

- In Kol 3:11 - 13 sê Paulus: **"By die nuwe mens** (wat sy /haar lewe aan die Here oorgegee het, net soos die moordenaar aan die kruis) **is daar nie onderskeidings soos Griek, of Jood, besnedene of onbesnedene, barbaar of Skittier, slaaf of vry persoon nie,** (en Paulus kon maar bygevoeg het Samaritaan of Arabier of Edomiet of Palestyn, of Nigeriër of Soedannees of Rus, ens), **maar Christus is alles en in almal. Daarom, omdat julle God se uitverkore heiliges en geliefdes is, beklee julle met innige meelewing, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid en geduld. Verdra mekaar en as enigiemand 'n klagte teen iemand anders het, vergewe mekaar. Soos die Here julle vergewe het, so moet julle ook vergewe."**

- Vandag, in 2024 is daar ook baie Christene in Sirië (Assirië!) en Palestina wat ly onder die vervolging deur fundamentalistiese Moslems. **Selfs Assiriërs en Palestyne is welkom in Jesus se koninkryk!**

**So, as Jesus self na diesulkes uitgereik het en vir ons as Christene sê ons moet teenoor almal getuig en vertel van Sy Evangelie, watter rede het ons nog om enige ander mens of volk te minag? Watter rede het ons om die evangelie van enige ander mens of volk te weerhou, of te dink hulle doen té groot sondes of weersinwekkende dinge, sodat ons nie na hulle hoef uit te reik nie?**

** Nota: Al die kaarte is van Google en Wikipedia bekom

# Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak **Carl de Beer 083 443 9256**

Sendinggroete in Christus, **Sending (as deel van Diensgetuienisbediening)**

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615 Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

## Gebed vir vandag

Hemelse Vader,
dankie vir hierdie dag.
Dankie vir u oorvloedige genade en liefde in my lewe.
Help my om u liefde ook aan ander uit te dra.
Ek wil graag die gawe besit om ander te laat glimlag,
om ander gelukkig te maak.
Ek wil graag daartoe bydra dat iemand se lewe beter word.
Vul my met liefde vir my naaste,
sodat ek al hierdie dinge vir hulle kan doen.
Vul my hart met blydskap,
en help my om dié vreugde ook aan die mense om my uit te dra.
Help my om 'n seën te wees vir ander.
Dankie, Heer, dat U my gebed aanhoor.
Ek bid dit alles in Jesus se Naam.
Amen.



# ***Dames -***
## *NB Datums*

| | | |
|---|---|---|
| 31 Aug 2024 | 10:00 – 13:00 | Damestee Toeka tot Nou. |
| 7 Des 2024 | 10:00 – 12:00 | Kreatiewe Werkswinkel: Kerskranse. |




- deur Hannah DeMarco

Vandat jy kan onthou, is jy die kind wat laaste gekies is in groepspeletjies; is jy die een wat nie na die verjaarsdagpartytjie genooi is nie; is jy die kind waarna niemand geluister het nie; is jy oor die hoof gesien; is jy geminag; voel jy alleen en apart van almal. Soms tref die aaklike herinneringe jou soos ‘n vuishou en verdwyn dit weer net so skielik, ander kere vreet dit maande of jare aan jou.

## Beskryf dit jou dalk?

Jy dink aan die keer toe ‘n kollega jou bedoelings verkeerd verstaan en ‘n gerug versprei het wat jou diep seergemaak het. Die vriend of vriendin wat elke afspraak uitgestel het tot julle uiteindelik kontak verloor het. Die gesins- of familielid wat jou selfvertroue weggekalwe het deur jou te ignoreer of met snedige opmerkings laat verstaan het dat jy eenvoudig nie saak maak nie. Daar is ‘n stem êrens in jou wat bevestig dat niemand omgee nie.

## Waar jy hoort

God gee meer vir jou om as wat jy ooit kan dink. Die Byble sê God die Skepper van die heelal wil by jou wees en van jou hartseer hoor (Psalm 56:9). Jesus is verag en verwerp, net soos jy. Jesaja 53:3 sê: *“Hy was verag en deur die mense verstoot, ‘n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie”* Jesus verstaan jou lyding en Hy wil van jou pyn weet (Psalm 55:23). God hou van jou teenwoordigheid - Hy is vol vreugde oor jou (Sefanja 3:17). Will jy meer weet oor hoe God oor jou voel? Gaan haal ‘n koppie koffie, kry ‘n stil plekkie en peins oor hierdie verse wat sê dat jy altyd welkom by God is:

## God is so lief vir jou dat Hy jou Sy kind wil noem

*"Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie".*—Johannes 3:1.

## God sal jou nooit ophou liefhê nie

*"Wie kan ons van die liefde van Christus skei? ….. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here".*—Romeine 8:35, 37-39.

## God put vreugde uit jou teenwoordigheid

*"…. maar Hy stel prys op dié wat Hom dien, dié wat hulle hoop vestig op sy trou".*—Psalm 147:11.

## God skenk jou Sy genade en barmhartigheid

*"Die Hoërpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word."* - Hebreërs 4:15-16.

*DeMarco H., Okt 2018, Juig! Tydskrif, Voel jy oorbodig? Troos uit God se Woord, Volume 10 Uitgawe 9, bl 62.*




# NUWE LEWE

*Daarom sê die lied: "Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig."*
Efesiërs 5:14

Die lente sal weer na die winter kom, en velde wat nou vaal is, sal weer blom, net so sal die son ook weer in jou hart skyn en sal die pyn en swaarkry ook verdwyn.

Jy kan ook vandag met iemand se lewe "toor". Gee vir iemand wat hartseer is, 'n blom …. en kyk net wat gebeur. Kyk hoe hartseer en moedeloosheid is sy of haar oë plek maak vir dankbaarheid en vreugde.



| NG Kerk Rietfontein-Suid | | |
|---|---|---|
| **INKOMSTE STAAT : 01/03/2024 to 30/04/2024** | **Werklik** | **Begroot** |
| Lopende Inkomste | - 205,078 | - 307,767 |
| Sending Bydraes | - 6,417 | 426 |
| Huur en Fondse Bediening | - 59,687 | - 89,700 |
| **BRUTO INKOMSTE** | **- 271,182** | **- 397,041** |
| Lopende Uitgawes | 286,666 | 324,432 |
| **Tekort/-Wins** | **15,484** | **- 72,609** |

**Daar is innige dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader vir al die lidmate wat getrou hul bydraes gee. Baie dankie aan elkeen wat 'n verskil met jul bydraes maak**.



# Gelukkige Vadersdag - 16 Junie




**RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE**

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com. Kontak nommer is 0721113100